SLINGERVEL

April 2020

Christelike maandblad vir die jeug

SLINGERVEL, JAARGANG 61
Nommer 1017, April 2020

As julle enige vrae het, iets wat jy nie verstaan nie, of oor iets wat in die Slingervel geskryf is, meer wil weet, is julle baie welkom om vir my

- ⇨ 'n sms te stuur of te whatsapp na 084 551 2107,
- ⇨ of 'n e-pos te stuur na slingervel@gksa.co.za,
- ⇨ of 'n brief te stuur na Posbus 88, Bloemhof 2660

Lees meer oor die mossie op bladsy 14

in hierdie uitgawe ...

3 Redakteursbrief
4 Verjaardaghoekie
8 Judas: Blokkiesraaisel
10 Paulus se eerste Sendingreis
11 Offers in die Ou Testament (4)
12 Johannes 3: Woordsoek
13 Die Rigters – 6
14 Die Mossie
15 Paulus se eerste Sendingreis: oplossings
16 Oplossings: Blokkiesraaisel en Woordsoek
17 Wat kan ek lees?
19 Op hierdie dag in April

REDAKTEUR
Dr. Hennie van Wyk
e-pos: hennie@gksa.co.za

Tipografie en uitleg
Joey Fourie
e-pos: kerkblad@gksa.co.za

MEDEWERKERS
Maryke Coetsee
Susan Lourens
Tannie Tienie
Oom Abraham
Oom Hamus
Ruan Malherbe

Eienaars en uitgewers
Deputate vir Kerklike Tydskrifte
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
Posbus 20008, Noordbrug 2522

Drukkers
V & R Drukkery
Tel. 012 333 2462
ludick@vrprinting.co.za

Intekening
Administratiewe Buro
Afdeling Publikasies
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel: 018 297 3986

Intekengeld
R349,00 per jaar
(posgeld en BTW ingesluit)
R126,00 per jaar
(elektroniese intekening)

Die Redakteur
Bydraes en briewe
Posbus 20008
Noordbrug, 2522

Jaargang 61,
Nommer 1017
April 2020

ISSN 0037 685 X

Die redakteur skryf …



Maats

Verlede maand het oom Attie ons gegroet. Ons gaan hom mis! Ons het gou iemand anders gekry wat vir ons gaan skryf oor die skepping: Hamus Bornman. Sy voorouers kom uit Duitsland. Iemand wat studeer in die wonderlike natuur wat die Here geskep het. Dankie Hamus!

Met beurtkrag het ek al gewonder – wat doen mens as daar nie elektrisiteit is nie? Jy kan net jou foon of tablet gebruik tot sy battery pap is. Wat dan? 'n Paar jaar gelede het ek geskryf oor wat ons oupas en oumas gedoen het voor televisie, rekenaars en slimfone. Nou wonder ek: Wat het hulle in die Bybelse tyd gedoen? Ek kon twee plekke in die Bybel kry waar daar gepraat word van kinders wat speel:

- In Jesaja 11:8 word beskryf hoe kinders, as daar nie meer sonde op die aarde is nie, met slange kan speel.
- In Matteus 11:16 en 17 word daar gepraat van kinders wat op markpleine speel. Ek wonder hoe hierdie speletjie was!? Dit lyk asof twee of meer groepe kinders 'n entjie uitmekaar gesit het. Een groep het dan 'n liedjie op 'n fluit gespeel, en die ander moes reageer deur te dans as dit 'n vrolike lied was of te huil as dit 'n treurige lied was. Ek wonder as jy en jou maats dit moet speel – kan dit werk?

Waar hulle opgrawings gedoen het van plekke wat bestaan het in die Bybelse tyd, het hulle die volgende speletjies gehad:

- Skaak! Glo dit of nie – lank voor die ballingskap het hulle dit al in Babilon gespeel. Nou nog is dit goeie oefening vir die brein.
- Dambord.
- Ludo. Hulle dobbelstene het nie soos ons s'n gelyk nie, maar hulle het skywe gehad wat gedraai is. (Terloops: Het jy geweet dat as jy die teenoorgestelde kante van die dobbelsteen bymekaar tel, is dit altyd 7? – as dit reg gemaak is. Jy kan ook nie van 1 tot 6 kom deur elke keer die dobbelsteen net een keer te draai nie …)
- Poppe en pophuise.
- Dolosse en waentjies.

Ken jy die speletjies? Dis heerlik – en 'n mens het nie elektrisiteit nodig nie. Hoeveel speletjies het julle in die huis wat julle kan speel as daar nie krag is nie?

Nou ja maats – ek hoop dat julle iets goeds het om julle mee besig te hou.

Groete! SV

JUDAS: blokkiesraaisel

Maats
Hierdie is die tweedelaaste boek van die Bybel. Het jy al die boek Judas gelees? Dis miskien bietjie moeilik, maar dis vol leersame dinge.



oplossing op bladsy 16

AF

1. Migael het met hom gestry oor die liggaam van Moses. (6)
2. Judas se bede dat dit aan sy leser in oorvloed geskenk word. (14)
3. Dit behoort aan ons Here Jesus Christus. (9)
4. Hy was die sewende geslag na Adam. (5)
5. Dit behoort aan ons Here Jesus Christus. (4)
6. Migael se posisie. (10)
8. Hy het in opstand gekom. (5)
11. Hierdie stad het onsedelike dade gepleeg. (7)
13. Mense sien dít en dan bevlek hulle hul eie liggame. (12)
16. So lank brand die vuur van straf. (4)
17. Judas se bede dat dit aan sy leser in oorvloed geskenk word. (6)
18. Die ongelowiges doen dit met die genade van God. (8)
20. Goddelose mense sê sulke dinge om vir hulleself voordeel te kry. (8)
21. Bid om hierdie geloof te bou. (14)
22. Judas was van plan om hieroor te skryf. (10)
24. Dit behoort aan ons Here Jesus Christus. (3)
26. Die Here het sy volk uit hierdie land verlos. (6)
27. Doen dit met mense wat twyfel. (7)
29. Hulle het geleer dat daar goddelose mense sal kom. (8)
30. Judas spoor hulle aan om hiervoor te stry. (6)
31. Red mense deur hulle hieruit te ruk. (4)

DWARS

1. Die Here kom met soveel engele en Hy sal oordeel. (8)
2. Hy het bedrog vir geld gepleeg. (6)
7. Dit behoort aan ons Here Jesus Christus. (11)
9. Hierdie stad het onsedelike dade gepleeg. (5)
10. Hulle het hulle nie gehou in die magsgebied nie. (6)
12. Hy het die verkeerde pad geloop. (4)
14. Judas se bede dat dit aan sy leser in oorvloed geskenk word. (5)
15. Soos hierdie diere is mense met natuurlike drange. (12)
19. God is magtig om julle hiervan te bewaar. (11)
23. Dit word besoedel deur mense se skaamtelose uitspattighede. (14)
25. Judas se verhouding met Jesus. (7)
27. Dit het gebeur met die Israeliete wat nie in die Here geglo het nie. (5)
28. Hieroor is die goddelose mense ontevrede. (3)
31. Die goddelose doen dit met ons Meester. (7)
32. God bind die ongehoorsame engele met hierdie ketting. (11)
33. Jakobus se broer. (5)
34. Só het sekere mense in die gemeente ingesluip. (8)
35. So praat die mense oor dinge waarvan hulle niks weet nie. (9)

"Julle, geliefdes, moet egter voortgaan om julle lewe te bou op julle allerheiligste geloof. Bid altyd deur die krag van die Heilige Gees. Bly in die liefde van God. Vestig steeds julle verwagting op die barmhartigheid van ons Here Jesus Christus wat die ewige lewe aan julle sal gee."

– Judas:20, 21

Ruan Malherbe

Johannes 3: Woordsoek

L	L	G	L	O	D	H	E	N	T	D	I	E	W	Ê	R	S	E	L
D	E	E	S	E	O	L	U	I	E	F	W	G	S	E	S	I	H	A
D	D	E	A	A	E	E	K	T	H	A	Y	L	S	A	Y	N	E	S
N	I	G	R	R	S	D	S	O	A	T	A	E	L	S	E	E	D	E
U	N	G	E	M	S	G	R	R	N	N	E	I	E	G	H	I	L	E
H	E	M	E	L	E	I	H	O	G	I	M	E	N	T	S	U	E	G
V	E	R	L	O	R	E	E	O	O	D	N	I	A	T	D	T	R	I
É	S	L	E	P	I	S	S	I	D	R	D	K	W	A	N	E	Ê	T
I	N	H	O	D	D	J	M	T	L	I	E	G	R	I	L	G	W	O
N	I	E	V	R	U	E	R	I	E	L	O	V	K	Y	R	E	S	A
L	G	A	A	D	A	N	E	K	N	R	I	O	E	M	K	A	A	R
D	I	A	E	E	E	F	S	W	I	G	D	E	L	E	W	E	S	A
L	H	A	Ê	C	G	X	B	G	K	E	J	O	H	A	N	N	E	S
P	C	X	G	E	A	K	N	Y	M	I	N	H	Q	M	Q	H	Q	V
W	H	E	H	A	T	H	C	U	N	F	E	C	A	P	L	I	Q	E
X	P	A	B	L	P	D	S	P	M	X	E	T	J	B	J	O	C	T
W	D	Q	L	F	I	Z	H	H	M	S	E	A	N	B	Y	H	E	Y
S	I	N	R	E	T	S	I	U	D	Y	S	N	Y	T	S	E	O	W
W	G	D	Y	Y	X	S	B	N	T	I	D	D	H	J	E	S	U	S

AARDSE
DISSIPELS
DUISTERNIS
GEES
GETUIENIS
HEMEL
ISRAEL
JESUS
JOHANNES
JUDEA
KONINKRYK
LEERMEESTER
LIEFGEHAD
NIKODEMUS
SALIM
SEUN
SKEIDING
SLANG
VERLORE
VEROORDEEL
WAARHEID
WOESTYN
WÊRELD

Soek die woorde wat horisontaal, vertikaal en skuins versteek is – hulle kan ook van agter geskryf wees! Wanneer jy al 23 gevind het, skryf die ongebruikte letters in die spasies hieronder. Dit sal 'n boodskap uit Johannes 3 onthul.

_ _ _ _

Hamus Bornman

God is die Skepper!

Die mossie

(Met erkenning aan dr. Werner Gitt: Wenn Tiere reden könnten)

Maats

My naam is Mossie. Ek is maar 'n ou vaal voëltjie, maar ek is belangrik genoeg dat ek genoem word in Psalm 84. Ek is geskep om te vlieg, vlieg en vlieg!

Nou hoor ek nou die dag iemand sê dat ons voëls van dinosourusse afstam. Maar ek verstaan dit glad nie! Hulle was sulke groot en swaar diere! Hulle sê ons voëls is familie van die reptiele! Dink jy ek en die krokodil kan neefs wees? Ek dink nie so nie. Kom ek vertel jou hoekom ek so sê:

In die eerste plek is my geraamte hol. Ja, geen murg in my pype nie – want murg is swaar. Vra maar vir Krokodil. My geraamte moet lig wees, anders kan ek nie vlieg nie. Kyk na my mates: as my vlerke uitgesprei is, is dit 20 cm van punt tot punt, en van my snawel tot die punt van my stert is ek 15 cm. En wat weeg ek? 12 gram. Weet jy hoe swaar is dit? Bietjie meer as 2 teelepeltjies suiker! My vere weeg dan meer as my geraamte!

Nog 'n ding. Ek het 'n gaatjie deur my bo-arm, met 'n spiertjie daardeur – sodat ek my vlerke kan oplig om te vlieg. Nie 'n enkele reptiel het so iets nie! Nou wonder ek wie het die gaatjie deurgeboor? Nee, ek kan nie van 'n dinosourus afstam nie – ek is so geskep!

Weet jy hoe groot is my hartjie? Kleiner as jou vingerpunt! Jou hart klop so 80 keer 'n minuut – myne? As ek skrik en wegvlieg, oor die 700 keer per minuut! Geen mens of reptiel se hart kan dit hou nie! Ons voëls s'n kan!

Weet jy hoe goed het God ons ogies gemaak? As ek 'n klein goggatjie van die telefoondraad af kan raaksien, is dit selfde of jy 'n muis aan die anderkant van 'n rugbyveld kan raaksien. My ogies moet so goed kan sien – waar gaan ek anders kossies kry?

O ja, en ek het nie 'n blaas nie. Water in 'n blaas sou te swaar wees vir my om te kan opstyg as ek moet vlieg. Die Here het my so geskep dat dit saam met die mis uitkom. Kyk maar na die wit deeltjie in ons bolletjies.

Ai, en my beentjies en voete is net so wonderlik geskep! My toontjies maak dat ek op 'n dun takkie kan sit, en as ek hurk, maak die toontjies self toe! Dit maak dat ek kan slaap sonder om af te val. As ek opstaan, is ek dan sommer reg om te vlieg – dit skiet my as't ware in die lug op – nogal handig as iets my wil vang!

Ek is ook baie akrobaties. Ek het nie handjies soos jy om my mee te was en te krap waar dit jeuk nie, maar ek kan met my snawel lekker my ruggie krap. Jy kan dit nie doen nie! Staan bietjie op jou een beentjie en krap jou rug met jou neus …

Het jy al ooit gewonder waarom voëls eiers lê? Dis een van die Skepper se geniale idees! Dit werk so: as die eiertjie in die mamma-mossie ontwikkel, is dit nogal swaar vir haar lyfie. Sy sou nie kon vlieg met daardie gewig nie. Sy lê die eiertjie in die nessie, en dan eers ontwikkel die tweede eiertjie. Die volgende dag lê sy eiertjie nommer 2. Nog 'n dag, dan eiertjie nommer 3. Sommige voëltjies lê nog 'n vierde eiertjie. Dan die wonderwerk! Binne in elke eiertjie het die Here 'n klein tydskakelaartjie ingebou! Mamma-mossie broei die eiertjies uit, en eiertjie nommer 1 broei op presies dieselfde uur uit as eiertjie 2, 3 en 4! Die rede is logies: almal kry ewe veel kossies wat pappa en mamma mossie aandra, en groei ewe vinnig. Waar julle kindertjies tot 18 jaar vat om julle nessies te verlaat, is ons mossies so binne 'n maand groot en uit die huis uit.

As jy my weer op die stoep of in die parkie sien – kyk mooi. Ek is nie 'n akkedis of slang of klein krokodilletjie nie – nee, op die vyfde skeppingsdag het God gesê: "Laat daar voëls wees!" en duisende van ons was in 'n oomblik daar om ons werk op die aarde vir Hom te doen! SV



oplossing:
blokkiesraaisel Judas



oplossing:
woordsoek
Johannes 3

versteekte boodskap

GOD HET DIE WÊRELD SO LIEFGEHAD
DAT HY SY ENIGSTE SEUN GEGEE
HET, SODAT DIÉ WAT IN HOM GLO,
NIE VERLORE SAL GAAN NIE MAAR
DIE EWIGE LEWE SAL HÊ

Op hierdie dag in April

Die roomys-sundae

Tot vandag toe nog is daar ’n groot gestryery oor wie die eerste roomys-*sundae* geskep het. ’n *Sundae* is roomys wat gewoonlik met vrugte, neute, stroop en styfgeklopte room bedien word in ’n spesiale roomys-glas, en afgerond word met ’n kersie bo-op die hele trapsel.

Die eerste roomys-*sundae* is glo op 3 April 1892 in die stad *Ithaca, New York*, bedien – 128 jaar gelede! Elke Sondag, ná die erediens in die *Unitarian*-kerk, het ds. John M Scott die Platt & Colt-apteek (ja, in daardie dae kon mens roomys en ander nageregte in apteke bestel) in die middestad van Ithaca vir sy Sondag-bederf van vanieljeroomys besoek. Op hierdie dag in April het hy egter die geskiedenis van roomys-nageregte vir altyd verander. In plaas van gewone vanieljeroomys skep Chester Platt ’n bol yskoue roomys in ’n sjampanjeglas, gooi kersiestroop bo-oor en rond dit af met ’n versuikerde kersie!

Terwyl die twee mans nadink oor wat hulle dié fantastiese nuwe konkoksie sou noem, het ds. Scott voorgestel dat dit vernoem word na die dag waarop dit uitgevind is: Kersie-Sondag, oftewel *Cherry Sunday*! (Die spelling van *sundae* [die nagereg] in plaas van *Sunday* [Sondag] is nie duidelik nie, maar daar word gesê dat die verkope van die nagereg later op Maandae voortgesit is, en daarom is daar besluit om die spelling van die naam na “sundae” te verander.)

Alhoewel Ithaca algemeen aanvaar word as die geboorteplek van die *sundae*, sal nie almal saamstem nie. *Two Rivers, Wisconsin*, noem Edward C Berners, eienaar van ’n roomysstalletjie, as die uitvinder van die *sundae*, en die nabygeleë stad *Manitowoc* beweer George Giffey as hulle eie plaaslike held.

Die legendariese tuisdorp in *Buffalo, New York*, verwys terug na die Stoddard-broers, die eienaars van die eerste apteek wat gaskoeldrank in Buffalo verkoop het, en ook gaskoeldrank met roomys bedien het. Tot op ’n dag toe hulle al hulle gaskoeldrank uitverkoop het en oom Charley Stoddard haastig ’n nuwe nagereg moes uitdink. Hy het sy werkers opdrag gegee om roomys met vrugtestroop te bedien.

Norfolk, Virginia, is egter seker dat hulle die eerste uitvinders is. ’n Stadswet het destyds die gebruik van alkolhol verbied en ook wette teen die bedien van gaskoeldrank met roomys op Sondae ingebring. Om

dié wet te omseil, word gesê dat 'n plaaslike gaskoeldrankverkoper 'n paar bessies, vrugtestroop en roomys in 'n *sundae*-glas bedien het, sonder enige gaskoeldrank.

Sy "droë" nagereg het dus volgens hulle die eerste *sundae* geword.

Die verhaal in *Plainfield, Illinois*, is dat 'n apteker met die naam van Sonntag roomysnageregte met stroop bedien het, en aangesien "Sonntag" in Duits vertaal word as "Sunday", hy die krediet daarvoor moet kry.

Daar is dus al so baie verhale oor-en-weer vertel dat mens nie meer seker is wie en wat om te glo nie. 'n Paar van die plekke vertel vandag nog hulle stories, en die waarheid agter al die *sundae*-kluitjies kon nog nooit gevind word nie.

Wat wel seker is, is dat Ithaca, New York, die vroegste dokumentasie besit om sy eis as die geboorteplek van hierdie nagereg te bewys, naamlik 'n koerantadvertensie wat op 5 April 1892 deur Chester Platt in die *Ithaca Daily Journal* geplaas is.

Soms het mens nie 'n besondere geldige verskoning nodig om te vra of jou pa, ma, ouma of wie ook al jou vir so 'n lekker roomys kan uitneem nie … die eerste dag van herfs, die feit dat jy self onthou het om agter jou ore te was, of selfs jou troetel-duisendpoot se verjaardag is sommer genoeg rede! SV

(Aangepas en vertaal vanaf: www.icecreamsundae.com)

teken in op Slingervel!

Individuele intekening
R349.00 – 10 uitgawes
(posgeld + BTW ingesluit)

Elektroniese intekening
R126.00 – 10 uitgawes

Om in te teken:
Kontak Angie Mokobi by
tydskrifte@gksa.co.za
of tel. 018 297 3986